TOULEIER

ANDERKANT DUSKANTLAND

Ons Kosblikkie-projek vat vlam, maar . . .

Voor ek wegspring met hoofstuk II van ons boek *Anderkant Duskantland,* wil ek graag net die nuwe hulpfondsaanwending veilig en finaal in die bed sit. Alvorens ons die wegspringblokke in posisie plaas, is daar daar eers nog 'n bietjie *Due Diligence* soos die Ingelsman sê, wat ons moet doen.

Die terugvoer van ons lesers was oorweldigend positief met almal wat JA gestem het behalwe een dame. Irma, wat hier onder haar redes gee. Sy is uit die Vrystaat waar sy steeds sterk betrokke is by gemeenskapsopheffing in die vorm van 'n sopkombuis. Irma het voorheen aan 'n damesaksiegroep behoort wat so 'n paar jaar gelede ontbind het nadat hulle saam met Solidariteit betrokke was by die Kosblikkieprojek. Volgens haar het die projek toe gegaan slegs oor die skenk van 'n leë en nogal oranje gekleurde kosblikkie aan behoeftige kinders. Dit het dus meer oor publisiteit gegaan as werklik kinders kos gee. Dit het dus steeds van die ouers en gemeenskap afgehang om te sorg vir brood in die blikkie. Irma is juis by hulle weg toe sy haar stem dik gemaak en sterk teenkanting ondervind het.

As dit steeds so is, sal ons weer moet besin en twee keer daaroor dink, want wat help net n kosblikkie sonder kos daarin?
Volgens my huidige inligting egter, het die klem darem intussen baie duidelik geskuif en word daar wel 'n bord kos verskaf wat sal sorg dat van ons arm wit kindertjies, een keer per dag, 'n gebalanseerde ete inkry.

Ek het ook aan die projekvoorsitster, Michelle Burger, geskryf en haar gevra om vir ons n deeglike uiteensetting te stuur oor presies hoe hulle te werk gaan met die fondse wat hulle insamel. Sy is egter weg oor al die baie lang naweke wat die Saners intussen geniet en hopelik hoor ons binnekort van haar.

Julle, die lesers het egter nie op julle laat wag nie en David het al klaar sommer R1000 inbetaal! Selfs my 84-jarige moedertjie stuur nou ook een keer per week 'n sms (R5) met die woord '**bord**' na 36930. Lesers oorsee wil weet hoe hulle effektief kan bydra want 'n SMS gaan nie daarvandaan werk nie en bankkostes is baie hoog. Miskien is daar van julle wat kan raad gee oor hoe mens byvoorbeeld Paypal kan gebruik vir lae koste oorplasings.
Selfs uit Duitswes word daar 'n sms of twee gestuur. Dankie, Bertie, en julle almal daar ver!
Moet tog net nie dat die wag nou julle spoed breek nie, die geld SAL vir doeke aan 'n gevestigde instansie gegee word, of ons gaan 'n werklike verskil maak in die voeding van ons behoeftige honger wit kleuters.

Sodra ek meer weet, sal ek julle inlig. Gaan intussen sommer self na hulle webwerf toe en vra julle eie vrae. Laat weet tog net as julle iets nuuts uitvind. Die skakel daarheen is https://helpendehand.co.za/kosblikkie/

Nou het ek so baie te sê gehad oor kos vir kinners dat ons sal moet wag tot oor twee weke vir die afskop van ons reisverhaal se tweede hoofstuk. Vir nuwe lesers, gaan lees gerus hoofstuk een op die webwerf by www.onsdorp.com of klik op die skakel http://www.onsdorp.com/anderkant.html om direk daarheen te gaan. Volgende keer begin ek vertel van die Jeepnees waarmee die mense in die Filipyne rondry, rys droogmaak op die teerpad, hoe hulle honde voorberei om te braai en wat Balut is. Genoeg om te gril tot in jou tone.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

AFORISMES

Aforisme - Kernagtige, pittige sin, gesegde of spreuk.

1. Die beste ding oor die toekoms is dat dit môre begin.
2. Met geld kan jy 'n goeie hond koop, maar net goedheid sal hom sy stert laat swaai.
3. As jy nie 'n sin vir humor het nie is daar geen sin in jou lewe nie.
4. Veiligheidsgordels is verkieslik bo rolstoele.
5. As jy in diep water is, is dit die beste om jou mond toe te hou. En as jy in 'n diep gat is, help dit nie om verder te grawe nie.

'n Negatiewe mens sien die glas as half leeg.

'n Positiewe mens sien dit as half vol.

'n Realistiese mens gooi twee sopies whisky en twee blokkies ys by en sê: "TJORTS!"

Limeriek

'n Volleerde klein vent uit die stad
sien 'n muishondjie loop in die pad.
Hy't gedink dis 'n kat,
aan die diertjie gevat -
en nou boer hy al dae in die bad!

ONS DORPIES (4)

Britstown

Hans Brits het dr. David Livingstone op 'n binnelandse reis vergesel en die dorp in 1877 gestig.
Die N12 nasionale pad loop deur Britstown en verbind die dorp met Victoria-Wes en Strydenburg. Die ekonomie is hoofsaaklik op merinowol gegrond.
Bevolking

- Swart 26.7%
- Bruin 68.4%
- Blank 4.0%

Taal
Afrikaans 81%

Het jy geweet?

Wrigley's se kou-gom was die eerste produk wat 'n strepieskode gehad het.

Historiese humor

Dronk man: "Ek kan nie gekke verdra nie."
Dorothy Parker:
"Jou ma het geen probleem met jou gehad nie."

Die herkoms van gesegdes (46)

Tou: Tou opgooi (moed verloor; doodgaan; ophou met iets)
Ontleen aan die trekkerslewe: as die touleier bang is dat die osse hom gaan inhaal omdat hy moeg is, dan gooi hy die tou oor die horings van die osse en hardloop weg.

Tou: Iets op tou sit (iets aan die gang sit)
Ontleen aan die wewersbedryf: die tou is die skering (die regafdrade) wat gespan word voordat die stuk geweef word deur dwarsdrade daartussen te weef.

Toutjie: Toutjies trek (in die geheim 'n saak bevorder, veral as begunstiging van 'n kandidaat by 'n aansoek om 'n betrekking)
Waarskynlik na aanleiding van die marionetmeester wat die poppe se bewegings agter die skerm beheer deur die toutjies daarvan te trek.

Duskantlander in Anderkantland

Negentien en twee

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Trou is nie perdekoop nie, maar as jy Ghanees is, betaal jy vir die perdekar ook. 'n Vrou kan sewe-en-dertig wees met 'n kroos van vier voordat sy haarself einde te laas voor die kansel bevind. Huweliksmaats word soms deur families gekies. As jy gelukkig is, word jy darem geken in die saak.

Hier in Ghana trou jy jouself morsdood. Eers voor die magistraat, sodat die staat jou huwelik erken en jy minder belasting kan betaal. Volgende trou jy tradisioneel in jou stat sodat jou Hoofman en stam jou huwelik erken en jy jouself van 'n begrafnis lêplekkie kan verseker. Daarna volg 'n *properse* kerktroue sodat jou kinders eendag gedoop kan word.

Die Europeërs se inmeng is orals te siene want Ghanese se ryk kultuur is bespikkel met Westerse tradisies. Wit hoepelrokke, 'n string bont blommemeisies en rgte trouringe is nou allerdaags. Dis net meer kleurvol. Baie meer kleurvol. Afrika bang mos nie kleur nie.

Maar ja, verskillende tiertjies dra verskillende strepies. In die vroeë negentigs het ek my liefdesbriewe met 'n elektroniese tikmasjien getik. Netjies en noukeurig het ek my jongmenslewe in Pretoria vasgevang tussen twee of drie velletjies lugpospapier. So kon ek meer lawwighede op papier inpas en die hele vlerkslepery f was tog alte statig, uitgemeet in 'n kadens van briewe pos-en-ontvang.

Nadat ek die briewe gepos het, was die afleweringtyd tussen nege dae en twee weke. Daarop het die lang wag gevolg vir 'n brief in ontvangs. Daar was genoeg tyd vir besinning, diep denke en inkyk om my eie hart se geheime uit te rafel. Afstand maak die hartklop sterker; 'n gedruis in jou ore wat ander mense om jou se stemme uitdoof. Doer bo in Ethiopië was my Vrystaatse Boerseun; loshande die mees misterieuse ou wat ek in my hele lewe teëgekom het.

Daar was geen ander jongmens wat so makskaap in 'donker' diep Afrika gewerk het nie. Hy het oor-en-weer tussen lande, lughawens en kontinente gereis soos studente beweeg tussen lesingsale. Sy skootrekenaar het hy opgekoppel met primitiewe krokodilknypers aan hotelle se telefoonkabels om toegang te verkry tot sy firma in die RSA se databasis.

Daai Boerseun was die eerste ou van my ouderdom wat verder as 'die grens' gereis en teruggekom het. Kiekies van vier-en-twintig op filmrolletjies is ontwikkel: Vreemde kiekies van palmbome, kokosvrugte, Massai-jagters, pienk flaminke, watervalle en Killimandjaro se yskappie. 'n Polaroid van 'n eerste draagbare selfoon, teen die oor – so groot soos 'n kleibaksteen, waar Boerseun onder die Nkruma-sirkelboog staan, was uitgestal op my spieëlkas.

Die weke en maande was intens. Die afstand in Afrika was langer en verder as mens dit net in jou verbeelding meet. Menigmale het my vriende my kop probeer lees. Party het selfs gemeen die Boerseun was denkbeeldig, so skaars en min was sy Pretoria-besoeke. Laataand was Sunnyside se woonstelklanke oorweldigend stil.

By tye was ek onredelik en pateties. Seker maar die hormone. Daardie vrolike hand-aan-hand verliefdes op straat het ek kliphard en jaloers weggewens. Romantiese eetplekke, koeksisters, trane-trek flieks en enkel ouens het ek daadwerklik vermy. Ywerig het ek harder en langer gewerk as al my kollegas. Enige iets net om die tyd te verwyl

O wee, die verskriklike opgewondengeit as hy kom kuier. 'n Meisiemens lê *topless* en *tan* vir dae lank op die balkon en laat loop haar verbeelding oopketel. Die dag voor die afspraak word die uitrusting met Delilah se presisie beplan. En daar word ge-*prim*. *Prim* het te doene met naellak, *tweezers,* skuimbaddens, parfuum, haarprodukte soos Timotei, vlos, skeermes, krullers en die fynste kantgoete in haar besit.

Ek het my negentien liefdesbriewe en die twee poskaarte oor en oor gelees. Dit het my en die Boerseun voor die kansel gekry.

Negentien jaar later woon ons saam in Ghana, ons twee kinders het gevolg op die kanselepisode en ons neem steeds vreemde kiekies.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

Daar is 'n regte en 'n verkeerde manier om jou beige nekkussing op 'n lughawe te dra.

BEURTKRAG

As gevolg van beurtkrag moet baie mense vroeg kooi toe gaan. Oor nege maande gaan ons babas kry met die name soos:

Kers Grobler,
Darkness Mapongo,
Vroegslaap Jordaan,
Blackout Dube,
Generator van Zyl,
Loadshedding Mponyane,
Parafienlamp Pretorius
Pompie Primus le Roux
Flits Botha
Lampies van der Walt
Kilowat Koster
Kerswas van As
Donker Jonker
Gaslamp Aukamp,
Vuurhoutjie van Vuuren en
Power Supply Kwadenge.

En Nagskof van Niekerk.

IMMIGRASIE

Dis interessant hoe baie Suid-Afrikaners teleurgesteld uit Nieu-Seeland terugkeer.
Oor die rede daarvoor sê hulle dis soos om na 'n partjie te gaan en heel aand met jou ma te dans.

DRIE RAAIE

Die verkoopsman klop aan 'n deur en 'n seuntjie van ses maak oop. Hy is besig om 'n lang sigaar te rook.
"Dag, Boetie. Is jou ma of jou pa tuis?"
Seuntjie, terwyl hy die as aftik: "Kom ek gee jou drie raaie."

ENGELS

Lank gelede gaan 'n jong man uit Suidwes-Afrika Stellenbosch toe om te gaan studeer. Hy laat weet later vir sy pa:
"Ek het gedink Engels is soos Latyn, dat 'n mens dit net skryf. Hier in die Kaap práát hulle dit!"

IERSE GRAPPIE

Murphy vertel aan Quinn dat sy vrou hom na drank dryf.
Quinn: "Jy is gelukkig. Myne laat my loop."

GAAR PERE

'n Klompie jare gelede was 'n predikant en sy medegholfmaat so halfpad deur die rondte deur weerlig getref.

Beeld het berig dat die dominee nylon onderklere gedra het.

Weens die hitte het die kledingstuk gesmelt. Die koerantopskrif het gelui:

"En toe sit die dominee met die gebakte pere".

BC deur Parker

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Wat dink jong kinders van BIER?

'n Klompie Australiese kinders is gevra wat hulle van bier dink. Daar was 'n paar goeie antwoorde.

♦"Ek dink bier moet goed wees. My pa sê hoe meer bier hy drink, hoe mooier word my ma."

♦"Bier maak my pa vaak en dan kan ons op TV kyk wat ons wil. Bier is goed."

"My ma en my pa hou van bier. My ma raak snaaks as sy bier drink en trek haar bostuk op partytjies uit. My pa dink nie dis snaaks nie."

♦"My ma en my pa praat snaaks wanneer hulle bier drink. Hoe meer hulle drink, hoe meer soen hulle mekaar. Ek dink dis 'n goeie ding."

♦"Bier maak my pa baie snaaks. Hy maak soms sy broek nat, ek dink nie hy moet te veel drink nie."

♦"My pa is lief vir bier. Hoe meer hy drink, hoe beter dans hy. Eenkeer het hy tot in die swembad gedans."

♦"Ek hou nie baie van bier nie. Elke keer as my pa drink, verbrand hy die worsies op die vuur en dan smaak hulle aaklig."

En die beste een:

"My ma drink bier en dan sê sy snaakse dinge en pik op my pa. Altyd as sy bier drink, skree sy op hom en sê hy moet sy been weer gaan begrawe. Maar dit maak nie vir my sin nie."

Dis altyd beter om nie te jok nie!

Jan het besluit om saam met sy maat Koos te gaan ski. Nadat hulle 'n paar uur gery het, word hulle in 'n vreeslike sneeustorm vasgevang. Hulle ry toe bi die naaste plaashuis in en vra vir die aantreklike vrou wat die deur oopmaak of sy vir hulle verblyf vir die aand het.

"Ek weet die weer is aaklig en ek het hierdie hele groot huis vir myself, maar ek het onlangs 'n weduwee geword," verduidelik sy. "Ek is bevrees die bure sal praat as julle hier oorslaap."

"Moenie worrie nie," sê Jan. "Ons sal heel tevrede wees as ons in die skuur kan slaap. En as die weer breek, sal ons met eerste lig vertrek."

Hulle gaan skop toe nes in die skuur. Die oggend het die son uitgekom en hulle was op pad en het die skiëry vreeslik geniet.

Maar nege maande later kry Jan 'n onverwagse brief van 'n prokureur. Hy het 'n rukkie gesukkel om agter die kap van die byl te kom, maar werk toe uit die kom van die prokureur van die aantreklike vrou in wie se skuur hulle geslaap het.

Hy maak toe by Koos 'n draai en vra: "Koos, onthou jy daai aanvallige vrou van die plaas waar ons nege maande gelede geslaap het toe ons gaan ski het?"

"Ja," sê Koos, "ek onthou dit goed."

"Het jy dalk in die middel van die nag opgestaan en haar gaan besoek?"

"Wel . . . ja, ek het," antwoord Koos verleë.

"En het jy my naam gebruik pleks van jou eie naam?"

Koos het rooi van verleentheid geword. "Ja, wel, ek het. Ek is jammer. Maar hoekom vra jy sulke vrae?"

"Sy het verlede week gesterf en ek erf haar plaas en die hele boedel."

Stamboom

Help ons familiesoekers

HAYES lhayes@iafrica.com
Jurie & Leatitia Hayes
LOUWIES finavanderwatt@gmail.com
Die Louwies-van is nie volop in Suid-Afrika nie - inligting nog skaarser. Ek soek die voorgeslagte van my oupa. Hy was Stephanus Johannes Louwies gebore d/8/1886 en my ouma was Sophia Elizabeth Louwies (NEE Pretorius) gebore 2/12/1886.(My ouma se voorgeslagte is reeds nagevors tot by die stamvader in Duitsland). Alle hulp sal waardeer word met die Louwies voorgeslagte!
ROESTOF antonpetrus@gmail.com
Afkoms van my familie is waarin ek belang stel.
SMIT amjvdm@hotmail.com
Ek soek na informasie oor die Smit-familievoorvaders. Abraham Hendrik Petrus Smit 22/7/1894 -29/7/75 gebore Clanwilliam. Sy pa was ook AHP Smit en was getroud met Wilhelmina Adolphina Liena Schlechter wat as 12 jarige uit Duitsland Suid Afrika toe gekom het.
VAN DER WALT pienie@telkomsa.net
Stephanus Johannes gebore 13/4/1914 sterf in 3/1980. Sy vrou was Joey en hulle het twee seuns gehad. Pieter en Fanus.
VISSER TinaPieters@flysaa.com
Wil graag meer weet oor Jan Abraham Louis Visser wat my oupa was. My Ouma was Anna Elizabeth, ek weet nie wat haar nooiensvan was nie. Hulle het in Klipriver gebly en toe na Tzaneen toe verhuis. Hy het vir die Tzaneen munisipaliteit gewerk. Ouma oorlede in Oktober 1987. Weet daar is familie in De Aar, Kimberley, Britstown. Sal graag met hulle wil kontak maak. My pa se naam was Cecil Eddy Visser gebore 8Julie 1930 en my ma was Elizabetha Margaritha-(Bets) Mostert gebore 9 Okt 1930. Albei is al oorlede. Ons was 3 kinders, Louis, Tina en Johan- gebore Visser. Sal dit waardeer indien iemand my kan help asseblief.
VERSTER valie6009@gmail.com
My ma was Jan Daniel Verster van Bloemfontein, gebore 1944 en sterf 1963. Jonger broer Hansie en ouer suster. Koerantberig sê sy het dieselfde name as haar pa gehad. Ek soek al baie lank na familie.

Skotte sal vir alles betaal!

In die begin het die Here die skepping van die wêreld met die engel Gabriël bespreek. Hy het hom vertel van sy planne met Skotland.

"Gabriël, ek gaan Skotland hoë berge en wonderlike valleie met wonderlike weer gee. Diere sal volop wees, goue arende sal in die lug sirkel, salm sal uit die kristalhelder riviere en lochs spring en die omringende oseane sal vol vis wees.

"Daar sal goeie landbou wees en die glorieryke samevoeging van water en mout sal as whisky bekend wees. Die land sal steenkool, olie en gas hê en die Die Skotte sal intelligent, innoverende en hardwerkend wees en . . ."

"Net 'n oomblik!" val Gabriël hom in die rede. "Is U nie heeltemal te toegeeflik vir die Skotte nie?"

"Nie regtig nie," antwoord die Here. "Ek het jou nog nie vertel wie hul bure gaan wees nie!"

Toetse het bewys as jy wakker gemaak word met verrassingseks dit jou stresvlak laat daal. Dit het die teenoorgestelde effek in die tronk.

Dominee en die tante se knippie

In die jare toe huisbesoek aan plase nog met perdekarre gedoen is en die ouderling saam is om te help hekke oopmaak en nuwe predikante aan gemeentelede op afgeleë plase voor te stel, was die dominee ná dae se besoek en oorstaan op plase al baie moeg.

Sy voorraad snuif was ook al op. Hy vra toe die ouderling of hy weet van iemand daar naby wat ook snuif. Toevallig is tant Sofie en oom Gert juis op op hulle pad en die twee snuif ook.

Hy wou sy behoefte nou nie dadelik aan die tante erken nie en het geduldig gewag dat sy vir hulle koffie bedien en dat oom Gert van die land af moet kom.

Maar oom Gert het baie lank weggebly en hulle moes nog 'n plaas esoek. Hy sou maar sy swak aan tant Sofie moes beken en haar om 'n bietjie snuif vra.

Gemoedelik gaan sit hy by haar op die riempiesbankie en vra so onderlangs of sy dan nie tog vir hom 'n 'knippie' sal gee nie aangesien hy al lank van die huis af weg is.

"Maar alte seker, Dominee" sê sy en skuif haar rok op. Die blikkie Singletons was in haar kous opgerol en het as knoop gedien om haar kous bokant haar knie te hou.

Dominee wis nie van die bêreplek nie, gee net een kyk, en sê vir die ouderling hulle moet dadelik ry.

Die ouderling was baie verbaas toe die dominee hom vertel dat tant Sofie, vir so 'n ou mens, darem 'n baie ontugtige vrou is!

DAMES . . .

As julle 'n man ontmoet wat slim, warm, nederig, opgevoed, finansieel goed daaraan toe is, passievol en geduldig is, fluks is om dinge in en rondom die huis te herstel en nie materialisties is nie, goed in die bed is, jou liefhet asof jy die enigste vrou in die wêreld is en jou dophou terwyl jy grimeer en luister na elke woord wat jy sê . . .

Moet jy asseblief verseker wees dat die onkruid wat jy rook van supergehalte is.

Onpaar

Karel: "Ek sien jy het 'n onpaar kouse aan."

Coert: "Nee, dis nie 'n onpaar nie."

Karel: "Hoe bedoel jy? Ek kan mos sien hulle is nie maats nie."

Coert: "Nee, ek het hulle so gekoop, daar is nog twee sulkes by die huis."

Kinderlike vergissings

Kindertjies sing dikwels sonder dat hulle die vaagste benul het waaroor hulle sing - elke vergissinkie is kostelik in sy onskuld:

♦'n Dominee vertel dat sy seuntjie altyd gesing het:
"Prys die Heer met blye galme, O my siel daar ruik ek stof."

♦Die vrou het eers toe sy groot is agtergekom waarom haar pa voor ete gebid het: "Voete kos 'n sjieling" (Voed ook onse siele).

♦"Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp, loof Hom met die stukkende sandale."

♦By ons in die Kinderkrans was 'n dogtertjie wat baie mooi hard en duidelik gesing het:Loof hom met die tromme, loof Hom met die hark.

♦Pleks van "Hy berei vir my 'n vreugdefees" het ek met dieselfde dankbaarheid gesing: "Hy berei vir my 'n vrugtefees."

♦"Die Heer is God, erken dat Hy 'n eiervolk vir Hom berei..."

Hel, nee, hier is nie reëls nie – ons probeer hier om iets te bereik. - *Thomas A. Edison (1847 - 1931)*

Nobelprys vir baie slim Deense student

Vraag in 'n fisikagraadeksamen aan die Universiteit van Kopenhagen:

Beskryf hoe om die hoogte van 'n hoë gebou met 'n barometer te meet.

Een student antwoord: "Bind 'n lang stuk tou om die nek van die barometer, laat dit afsak van die dak van die hoë gebou tot op die grond. Die lengte van die tou plus die lengte van die barometer sal gelyk wees aan die hoogte van die gebou."

Die hoogs oorspronklike antwoord het die eksaminator so kwaad gemaak dat die student dadelik gedruip is.

Die student appelleer op grond dat sy antwoord onbetwisbaar korrek is en die universiteit stel 'n onafhanklike arbiter aan om oor die saak te besluit. Die arbiter oordeel dat die antwoord wel korrek is, maar dat dit nie enige noemenswaardige kennis van fisika toon nie.

Om die probleem op te los word besluit om die student in te roep en hom ses minute te gee om 'n mondelinge antwoord aan te bied wat sou wys dat hy ten minste 'n minimale familiariteit met die basiese beginsels van fisika het.

Vir vyf minute het die student in stilte gesit, voorkop gefrons. Die arbiter herinner hom dat die tyd besig was om uit te loop, toe die student antwoord dat hy meer as een gepaste antwoord het, maar nie kan besluit watter een om te gebruik nie. Die student word toe aangesê om gou te maak, waarop hy antwoord:

"Eerstens, jy kan die barometer van die dak van die hoë gebou afgooi en meet hoe lank dit neem om die grond te bereik. Die hoogte van die gebou kan dan bereken word met die formule H = 0.5g x t vierkantswortel. Maar dis sleg vir die barometer om dit so ver te laat val!

"Of as die son skyn, kan jy die hoogte van die barometer meet, dit vergelyk met die lengte van sy skaduwee, dan meet jy die lengte van die hoë gebou se skaduwee, en daarna dit is 'n eenvoudige saak van proporsionele rekenkunde om uit te werk hoe hoog die hoë gebou is.

"Maar as jy baie wetenskaplike daaroor wil wees, kan jy 'n kort stuk tou aan die barometer vasmaak en dit soos 'n pendulum swaai, eers by grondvlak en dan op die dak van die hoë gebou. Die hoogte kan uitgewerk word deur die verskil in die gravitasie mag T = 2 pi vierkantswortel (l / g).

"Of as die hoë gebou 'n buitetrap het, sou dit makliker wees om daarmee af te loop en die hoogte van die hoë gebou in barometerlengtes te meet, en hulle dan byumekaar te tel.

"As jy net vervelig en ortodoks daaroor wou wees, kan jy die barometer gebruik om die lugdruk op die dak van die hoë gebou en op die grond te meet en dan die verskil in millibars in voete omreken om die hoogte van die gebou te gee.

"Maar aangesien ons heeltyd aangemoedig word om onafhanklikheid van denke te beoefen en dit toe te pas op wetenskaplike metodes, sou die beste pad wees om die opsigter op te klop en vir hom te sê:
"As jy vir my sê hoe hoog hierdie gebou is, gee ek jou hierdie mooi nuwe barometer'".

Die student was Niels Bohr, die enigste Deen wat al die Nobelprys vir fisika gewen het.

LAASTE TESTAMENT

'n Bejaarde dame het besluit om haar testament op te stel en sê aan haar prokureur sy het twee laaste versoeke: Sy wil veras word, en haar as moet in Pick n Pay gestrooi word.
"Hoekom dáár?"
"Dan is ek seker my twee dogters besoek my twee keer per week."

Wat is die verskil tussen gratis en verniet?
Sipho gaan gratis skool toe, maar dit is alles verniet!

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> Daar was tye wat ek gewens het die toilet het 'n veiligheidsgordel.

Deur Marnus Steyn

Soos Vader Tyd aanstap, moet 'n mens sekere onderdele van die ouerwordende liggaam maar laat nagaan en kyk of als nog mooi loop en of onderhoud dalk nodig is. En so maak ek toe my eerste afspraak by `n proktoloogmaat van my.

Wat in my kop gevaar het om so 'n intieme prosedure deur 'n maat te laat doen, kan ek tot vandag toe nog nie verklaar nie. Ek het seker maar veiliger gevoel in sy hande. Nooit daaraan gedink dat daardie einste hande in my fondament sou moes rondkrap nie.

Jan wys my toe in sy spreekkamer 'n kaart van hoe lank mens se kolon eintlik is. Dis nogal 'n ellelange orgaan wat oral sy draaie gooi. Hy verduidelik nogal ewe rustig en geduldig vir my hoe 'n kolonoskopie gedoen word. Ek hoor hom egter nie. Terwyl my kop uiterlik kalm in erkenning knik, skreeu my hele wese: "Hy gaan n tienmeterpyp in jou agterstewe opdruk!"

Ek is toe daar weg met 'n hele lys instruksies en 'n voorskrif vir iets met die naam Moviprep. Glo my, daai mengsel is tien keer meer effektief as Brooklax. Word ook in 'n doos groot genoeg vir 'n mikrogolfoond verpak. Met goeie rede. Genoeg as ek sê dat daardie produk moet nooit in die vyand se hande val nie. Ons sal uitlaat wat ons nooit ingelaat het nie.

Dis wat ek oorgekom het.

Die aand voor die prosedure, meng ek toe twee pakkies Moviprep met 'n halwe gelling louwarmwater in 'n emmer van 'n beker soos aanbeveel. Vir dié van julle wat nie weet nie, 'n halwe gelling is omtrent 24 liter. Mens moet daardie hele emmer opdrink. Dit neem my toe omtrent 'n hele uur. Dis nie net die hoeveelheid nie, dis ook die smaak.

Moviprep, en hier is ek nogal baie diplomaties, smaak soos bokspoeg gemeng met suurlemoengeur Toilet Duck. Die instruksies vir Moviprep is duidelik geskryf deur iemand met 'n baie goeie sin vir humor, want daar word gestel dat 'n "los en waterige ingewandebeweging mag onstaan" Dis soos om te sê dat as jy van die dak afspring, jy dalk hard met die grond gaan kennis maak. Moviprep is 'n kernaangedrewe lakseermiddel.

Sonder om te grafies te raak, wil ek net noem dat dit nogal ooreenstem met die lansering van 'n vuurpyl. Daar was tye wat ek gewens het die toilet het 'n veiligheidsgordel. Nes jy dink jy het nou als gegee wat jy het, moet jy nog n emmer Moviprep drink en dan begin die hele storie weer van voor af.

Later glo mens jou ingwande het na die toekoms toe gereis en kos gaan haal wat jy nog nie eens geëet het nie. Na 'n aksiebelaaide aand het ek uiteindelik bietjie slaap gekry.

Vroulief het 'n baie senuagtige man na die kliniek geneem. Nie net was ek bekommerd oor die prosedure nie, die Moviprep het intussen weer een of twee reaksies veroorsaak.

Daar aangekom, moes ek eers talle vorms invul wat bevestig ek verstaan wat ook al in die vorms staan.Toe neem hulle my na 'n kamer vol ander kolonoskopie-mense. Agter 'n gordyntjie laat hulle my toe al my klere uittrek en een van daai voorskootgoed aantrek wat jou nog kaler laat voel as wanneer jy heel kaalgat is.

Daarna plaas 'n verpleëer met die naam Kosie 'n naald in 'n aar in my hand. Gewoonweg sou ek omkap maar Kosie was baie goed en ek het in elk geval al klaar gelê.

Kosie vertel my toe party mense sit vodka in hul Moviprep om dit beter te laat smaak. Eers is ek die moer in vir myself omdat ek nie daaraan gedink het nie, toe dink ek wat sou gebeur as mens te veel vodka sou bysit. Hoe dit sou lyk om in volle brandslang-toestand heen en weer te slinger badkamer toe. Mens sou jou hele huis moes afskryf.

Toe word ek getrollie na die operasiekamer. Ten spyte van die kalmeermiddel in my lyf, was ek steeds benoude boude. Daar gekom was Jan, nog 'n verpleegster en die slaapdokter al klaar gereed vir my.

Ek het rondgeloer vir die tienmetertuinslang, maar hulle het hom goed weggesteek hoewel ek geweet het dit is êrens in die vertrek. Hulle rol my toe op my linkersy en die narkotiseur begin vroetel hier aan my hand met die naald in.

Êrens begin hulle musiek speel en ek merk dis "Dancing Queen" van ABBA. Gegewe die situasie waarin ek my bevind vertel ek vir Jan dat ek nie baie beïndruk is met sy musiekkeuse nie.

"Sal ek die harder sit?" hoor ek hom hier by my agterstewe my vra. Toe besef ek dis nou die tyd. Die oomblik waarvoor ek die meeste gevrees het, is hier. Indien jy sensitief is, berei jouself voor, ek gaan grillerig grafies raak en als in die fynste besonderhede vertel.

Die werklikheid is ek het geen idee nie. Die een oomblik sing ABBA nog iets van 'n beat van 'n tambourine en die volgende word ek luilekker lomerig wakker in 'n ander kamer.

Jan buk oor my en vra hoe ek voel. Ek voel fantasties. Ek voel eers bakgat toe hyt my vertel my kolon is gesond en het met vlieënde vaandels geslaag.

Ek was nog nooit so trots op 'n orgaan van my nie.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 18 MEI 2015